

## WEEK 9 – HERLEWING, 2 KRONIEKE 7: 13-15.

### 2 Kronieke 7:13-15.

13 **As (wanneer)** Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of **as (wanneer)** Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of **as (wanneer)** Ek pes onder my volk stuur, 14 **en (indien)** my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, **dan (daarna) sal Ek (verseker)** uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees 15 Nou sal my oë oop wees en my ore luister na die gebed van hierdie plek.

### Inleidend.

Ons pad sover:

- Die Here het Sy seën van ons land onttrek (vers 13) – daaroor het ons reeds gesels.
- Hy (die Here) verwag in reaksie daarop 4 handeling (vs.14) van sy kinders (m.a.w. Suid Afrikaanse Christene)
  - Verootmoedig / verneder julleself – daaroor het ons reeds gesels.
  - Draai van julle bese weë – **daaroor is ons tans besig om te gesels.**
  - Bid – daaroor moet ons nog gesels
  - Soek My aangesig – daaroor moet ons nog gesels.

### Hierdie week – voortsetting, sondes van die kerk in Suid Afrika.

Onthou – ek en jy is lidmate van die kerk in Suid Afrika en agv hierdie assosiasie is ons medepligtig aan die sondes van ons kerk – al het ons nie elke sonde individueel gepleeg nie. Ons bely steeds saam met, en namens ons kerk, haar sondes voor God.

Die groot opdrag in Mat 28:19 beveel die kerk om 2 dinge te doen: Eerstens om mense te bekeer (maak dissipels vs.28) en tweedens, om daardie bekeerlinge op te lei (leer hulle vs 20). Oor ons versuim om mense te bekeer, het ons laas week gesels. **Ons fokus nou op die 2e sonde – ons versuim om nuwe bekeerlinge en kerklidmate te leer/onderrig.**

### Waarom is kennis so belangrik?

Ek beantwoord hierdie vraag met 'n ander vraag – Wat is die een ding wat die meeste skade aan die kerk van Christus gebring het deur die eeue heen? Die antwoord – misleiding. Wat is die rede hiervoor – leuns wat geglo en aanvaar is, agv gebrek aan kennis van die Woord. Wie sit agter hierdie leuns – die duiwel (Joh 8:44 – As hy lieg praat hy sy moedertaal!)

Kennis van die waarheid is die enigste teenvoeter teen die misleiding van die leun. Paulus skryf in 2 Kor. 11:3 - *Maar ek is bang dat julle **gedagtes weggelei sal word** van die onverdeelde en suiwere toewyding aan Christus"*

Ons gedagtes word weggelei, maw gesteel deur die duiwel, en op 'n ander trant geplaas. Die oomblik wat ons gedagtes dwaal, dwaal ons optrede en gesindhede ook, dit kan nie anders nie (As a man thinks in his heart – so is he. Spr. 23:7) Ons gedagtes moet ten alle koste beskerm word teen die leun en die krag daarvan.

Rom 12: 2: *Laat God julle verander deur julle denke (gedagtes) te vernuwe.*

Hosea 4:6 *My volk (die kerk) gaan ten gronde vanweë gebrek aan KENNIS.* (Let wel, kennis – nie entoesiasme, ywer, opregtheid, toewyding nie – maar kennis.)

My mede broer en suster in Christus. Kom ons se dit duidelik en reguit vir mekaar – 'n Christen of gemeente wat nie besig is om aktief te groei in kennis van die Woord is 'n "sitting duck" vir elke tipe dwaling en misleiding en false lering wat in sy/haar rigting kom.

'n Person wat mislei is het 'n leun (of leuns) geglo, en daarmee saam die een wat agter die leun sit (Satan) grond verleen (Ef. 4:27) om met sy gedagtewêreld en daarmee saam sy hele

lewe te smokkel. Die gevolge van misleiding is vêrreikend en katastrofies vir Christen en kerk, en sluit onder andere die volgende in:

- Gemeentes word in 2 geskeur.
- Christene word verwyder en vervreem van mekaar.
- Families word geskeur, huwelike word vernietig.
- Gemeentes verloor hulle krag en effektiwiteit.
- Individuele gelowiges hou op geestelik groei.
- Die wêreld kry "skietgoed" om die Christendom te bespot en verneder. (*Rom 2:24 – as gevolg van julle optrede word die naam van God deur die heiden nasies belaster.*)

Die Here prys die Christene van Berea daarvoor dat hulle nie alles summier aanvaar het wat vir hulle gepreek / geleer is nie (Handelinge 17:11) – hulle het elke keer self die Bybel ondersoek om seker te maak dit wat verkondig word is die waarheid. Hoeveel van ons aanvaar net goedertrou alles wat vir ons geleer word, of van 'n kansel af verkondig word. Die Here verwag van ons 'n heilige skeptisisme / versigtigheid ten opsigte van dit wat aan ons verkondig word. Christen vriend, jy het 'n verpligting om self seker te maak, maar dit kan net gebeur tot die mate wat jy moeite doen om te groei in kennis!

Ek sê weer: Kennis van die waarheid (maw die Bybel) is die enigste teenvoeter vir die leun. "*Julle dwaal omdat julle nie die skrifte ken nie*" (Matt 22:29) Selfs Jesus het die duiwel se versoekings geantwoord deur te sê: Daar staan geskrywe....(Matt 4:7) en as die Seun van God die duiwel teëgestaan het deur skrif te kwoteer, hoeveel te meer ons as feilbare, nietige mense!

### **Wie is verantwoordelik vir die leer en opleiding van gelowiges?**

In Esegïël 34 spreek die Here die leiers (herders) van Israel ernstig aan: (*'Ek gaan julle vernietig, want julle eet die kos wat vir die skape bedoel was. Is dit nie skaapwagters se werk om vir die skape te sorg en vir hulle kos te gee nie?'*) (Die Boodskap)

Die kos hierna verwys is natuurlik geestelike kos – die Woord van die Here. ("*Jy lewe nie van brood alleen, maar elke Woord wat die Here spreek*") (Matt 4:4) -

In 1 Tim.3 lys die Here die eienskappe verwag van 'n geestelike leier: "*Daarom kan nie enigiemand 'n leier wees nie.... Verder moet hy 'n goeie onderwyser wees, want hy sal ander van God moet leer.*" Daar is verskeie karakter eienskappe nodig om 'n geestelike leier te wees, maar net een vermoë / gawe – die gawe of vermoë om te kan onderrig (teach). Die skrif leer dat 'n geestelike leier ander moet kan leer – bedoelende dis een van die herder/kerkleier se hoof take. Lering/onderrig van God se kinders, dus, word gedoen deur die leiers / herders oor God se kudde (gemeente) aangestel. Versuim om dit te doen, bring God se toorn oor die herders, sowel as die gemeente (lees asb. die hele hoofstuk 34 van Esegïël.)

**Nou 'n baie belangrike punt** = selfs nou, met die internet en vrye beskikbaarheid van inligting, moet die meerderheid lering persoonlik "face to face" tussen herder en gemeentede gebeur. Die Here se woord of opdragte het nie verander omdat die tegnologie vooruitgegaan het nie. Natuurlik kan en moet ons al die hulpmiddels tot ons beskikking gebruik, dis vanselfsprekend – maar niks kan en mag die persoonlik kontak en "onderwys" tussen herder en gemeente se plek inneem nie.

Paulus skryf in Romeine 1:11 "*Ek sien baie daarna uit om julle te besoek, want ek wil 'n geestelike gawe aan julle oordra om julle te versterk. 12 Ek bedoel dat, as ek by julle is, ons deur mekaar se geloof bemoedig kan word, ek deur julle s'n en julle deur myne.*

Dis interessant wat Paulus hier se – nie net die een wat kennis ontvang (gemeentelid) word geseën nie, maar ook die een wat onderrig. Enige "teacher" wat sy sout werd is, sal vertel

hoe wonderlik die persoonlike interaksie tussen leerder, en leerling is, niks (insluitend die internet / videos / DVD's) kan dit vervang nie.

Nog n punt – ek's oortuig as ek die skrif reg verstaan, moet die meerderheid van lering "in house" gedoen word, deur die leraars ter plaatse. Eerstens tydens die eredienste – dis die ideale platform om die gemeente weekliks te onderrig, maar ook as deel van elke onderlinge bediening se program. Natuurlik kan ons per geleentheid gebruik maak van buite predikante of kenners om kursusse aan te bied of om te preek of pinkster te hou – maar **die verantwoordelikheid vir die opleiding en ontwikkeling van gemeentelidde rus by die gemeente se eie predikante** – dis 'n goddelike opdrag, ons mag nie die onderrig en geestelike opbou van ons lidmate "uit kontraktee" nie.

### **Is ons kerk in Suid Afrika skuldig aan hierdie sonde?**

Ongelukkig, as ons eerlik moet wees, is die antwoord ja, baie beslis. Hartseer om te sê daar's gemeentes waar die lidmate letterlik sterf van geestelike honger. Ons lees in Amos 8:11 – **"daar kom dae, sê die Here dat ek 'n honger oor die aarde laat kom... 'n honger om die woorde van die Here te hoor. Die mense sal rondwaal om die woord van die Here te hoor, maar sal dit nie kry nie"**

Dominee, pastoor, herder – ek pleit by jou, moet asb. nie hierdie Godgegewe taak om jou gemeente op te lei aan ander uitkontraakteer nie. Ja, daar is ander beter akademies gekwalifiseer as jy. Ja, daar is ander meer natuurlike "teachers" as jy. Maak nie saak nie – die Here het Sy kudde aan **jou** toevertrou, om op te lei en te leer, en Hy, beter as jy self, ken jou sterk en swak punte. As jy jou hart en siel in hierdie opdrag insit, SAL God vir jou die nodige wysheid, insig, kennis en woorde gee om jou mense te help groei tot volwassenheid in Christus, Hy sal jou pogings 30,60,100 voudig sien!

### **Gebed – inleidende gedagtes.**

Hierdie boodskap is gerig meer op die herders / predikers in ons kerk, maar ek en jy as gewone lidmate spring dit nie vry nie. Ons bely die sonde saam, vanweë ons assosiasie met die kerk, maar, meer as dit, ons staan ook skuldig – omdat ons nie genoeg bid vir ons predikante, ouderlinge, en kerkleiers nie. Ja, hulle gaan verantwoording doen voor God – maar ons ook! Ek bely namens myself my traagheid om vir kerk leiers en predikante te bid – hulle moet mos weet om self te bid. Maar ek is verkeerd, dis my plig, en my voorreg om vir my leiers, herders en leermeesters te bid. (Paulus vra gereeld vir gebed vir sy bediening, bv. 2 Tess 3:1) Ek sê weer, ons mag nie nalaat om vir ons leiers (kerk en regering) te bid nie.

### **Kom ons bid saam vir onself, ons kerk en ons herders/predikante:**

*Here, ek bely uit die staanspoor ek is skuldig – vergewe my dat en nie vir die leiers bid wat U oor my aangestel het nie. Ek's vinnig om te kritiseer, en traag om te bid – vergewe my asseblief. Ek bid ook vir elke leier in U kerk, in Suid Afrika, en saam met elke leier die volgende: Here, vergewe ons dat ons U kudde by tye verwaarloos. Vergewe ons, dat ons nie altyd U opdrag om U kudde te leer en onderrig, na wense uitvoer nie. Ons onderneem, om met U hulp, U kinders op te lei, om hulle te beskerm teen dwaling, misleiding en die leuens van die vyand. Ons onderneem verder, om self U woord al hoe beter te bestudeer en te ken, en daardie kennis, met liefde en ywer oor te dra aan die gemeentelidde aan ons toevertrou. Amen.*

Tot volgende keer,

MPG gebed span,